

# samevattende geouditeerde verslag

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2009

English version available from the Company Secretary or www.capespan.com

CAPESPAN

we deliver

INHOUD


| | |
|---|---|
| SAMEVATTING VAN RESULTATE | een |
| OORSIG | twee – vyf |
| GROEPSTAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE<br>GROEPVERDIENSTE EN DIVIDEND PER AANDEEL | ses |
| GROEPSTAAT VAN FINANSIËLE POSISIE<br>VERKORTE GROEPSTAAT VAN KONTANTVLOEI | sewe |
| GROEPSTAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT | agt – nege |

CAPESPAN GROUP BEPERK
Registrasienommer 2008/016971/06

# SAMEVATTING VAN RESULTATE



| | **2009 Rm** | Heraangetoon 2008 Rm | % verandering |
|---|---|---|---|
| **Groepinkomste** | **2 636.8** | 2 489.6 | 5.9% |
| **Aangepaste VVRB*** | | | |
| – houermaatskappy en filiale | **74.9** | 145.0 | -48.3% |
| – aandeel van verwante maatskappye | **8.1** | 28.0 | -71.1% |
| Totale aangepaste VVRB | **83.0** | 173.0 | -52.0% |
| Netto finansiële inkomste | **30.3** | 36.3 | -16.5% |
| **Aangepaste wins voor belasting**** | **113.3** | 209.3 | -45.9% |
| Wins met verkoop van beleggings/ verwante maatskappye | **–** | 0.5 | |
| Wins met verkoop van vaste bates | **0.1** | 0.3 | |
| Waardedaling van vaste bates | **0.2** | (0.2) | |
| Waardedaling van klandisiewaarde | **(7.6)** | (4.4) | |
| Hersirkulering van items voorheen in ekwiteit erken | **(4.0)** | – | |
| Belasting van verwante maatskappye | **(3.7)** | (4.7) | |
| **Wins voor belasting** | **98.3** | 200.8 | -51.0% |
| Belasting | **(44.4)** | (67.7) | 34.4% |
| Minderheidsbelang | **(1.7)** | (0.1) | -1 600.0% |
| **Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers** | **52.2** | 133.0 | -60.8% |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | **20.4** | 33.7 | -39.4% |

* Aangepaste VVRB is bedryfswins, uitgesluit die waardedalingskoste, wins met verkoop van beleggings, netto rente en belasting, ingesluit die ekwivalente aandeel in wins voor belasting van verwante maatskappye.

** Aangepaste wins voor belasting sluit die waardedalingskoste, wins met verkoop van beleggings en die Groep se aandeel van belasting van verwante maatskappye uit.

# 2 OORSIG

Dit is die eerste jaareinde van Capespan Group Beperk na die suksesvolle implementering van die herstrukturering van aandeelhouding in Januarie 2009. Die uitwerking van die herstrukturering was dat Capespan Group Beperk die totale aandeelhouding in Capespan Group Holdings Beperk bekom het en die nuwe houermaatskappy van die Capespan Groep geword het. Die uitwerking op die uitgereikte aandelekapitaal word in die onderstaande paragraaf verduidelik.

## Herstrukturering van Aandeelhouding

Die Groep se herstrukturering van aandeelhouding is in Januarie 2009 met 'n oorweldigende meerderheid deur aandeelhouers goedgekeur. Die maatskappy en sy filiaal, Capespan (Edms) Beperk, het 99.6 miljoen aandele vir R124.5 miljoen bekom, waarvan 76.0 miljoen aandele gekanselleer is. Dit het daartoe gelei dat die totale uitgereikte aandelekapitaal van Capespan Group Beperk vanaf 407.2 miljoen uitgereikte aandele tot 331.2 miljoen aandele verminder het.

## Geouditeerde Resultate

Die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2009 is deur KPMG Ing geouditeer. Hierdie verslag is 'n uittreksel uit sodanige finansiële state. Die jaarverslag sal teen die einde van April 2010 aan aandeelhouers gestuur word.

## 2009 Finansiële Oorsig

**Inkomste**

Die Groep se inkomste het met 5.9% van R2.49 miljard tot R2.64 miljard verhoog, wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die groei in die Vrugte Divisie. Die styging in die Vrugte Divisie se inkomste was as gevolg van die verhoogde aktiwiteite in Goldspan (Japan), Fisher Capespan (Noord-Amerika), Fedfa en The Fresh Chain. Die depresiasie van die gemiddelde Rand-wisselkoers teenoor die Jen het tot die verhoogde inkomste bygedra. Op 'n konstantewisselkoersbasis sou die inkomstegroei 1.4% gewees het. Die verkryging van twee nuwe plase in die divisie het inkomste met 2.8% verhoog.

Die inkomste van die Logistieke Divisie het beduidend afgeneem omdat die volume vrugte wat deur FPT hanteer is, gedaal het as gevolg van laer sitrusuitvoere deur die bedryf, wat 9.1% laer in die 2008-seisoen was. Universal Reefers se inkomste het gedaal as gevolg van die vroeë beëindiging van die Snow-skepe se langtermynhuurkontrakte sowel as 'n beduidende afname in die internasionale skeepsmark.

**Bedryfswins**

Aangepaste VVRB het met R173.0 miljoen tot R83.0 miljoen afgeneem, wat 'n daling van 52.0% verteenwoordig. Die daling kan toegeskryf word aan 'n beduidende verlaging in die bedryfswins van die Vrugte- en Logistieke Divisies. Die daling in die Vrugte Divisie is as gevolg van laer pryse in die markte wat voortgespruit het uit prysdeflasie en 'n sterker geldeenheid, wat 'n negatiewe uitwerking op Capespan Exports, Fedfa en die plaasbestuursbedrywighede gehad het. Die daling in die Logistieke Divisie was as gevolg van die ineenstorting van die internasionale konvensionele koelskeepsmark tesame met die daling in die uitvoervolumes van die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf wat 'n impak op FPT se volumes gehad het. Matola Cargo Terminals (MCT) het 'n suksesvolle jaar gehad en sy bydrae tot die divisie se bedryfswins het beduidend toegeneem.

Die daling in die aandeel in verwante maatskappye se bydrae is as gevolg van verliese wat in die Groep se gesamentlike plaasonderneming, Rapiprop gely is. Die swak pryse in die internasionale markte, tesame met stygende produksiekoste, het tot 'n beduidende verlies gelei. Die swak bemarkingstoestand was 'n gevolg van die wêreldwye resessie, wat gelei het tot 'n daling in die bydraes wat van ons gesamentlike bemarkingsmaatskappye in Europa en die Verre-Ooste ontvang is.

**Buitengewone items**
Die buitengewone items in 2009 het R11.4 miljoen (2008: R3.8 miljoen) bedra, soos uiteengesit in die tabel hieronder.

| | **2009 Rm** | 2008 Rm |
|---|---|---|
| Waardedaling van vaste bates FPT Kaapstad | **0.2** | (0.2) |
| Waardedaling van klandisiewaarde filiaalmaatskappye | **(4.8)** | (2.3) |
| Aandeel van verwante maatskappye se waardedaling van klandisiewaarde | **(2.9)** | (2.1) |
| Hersirkulering van items voorheen in ekwiteit erken | **(4.0)** | – |
| Wins met verkoop van vaste bates en beleggings | **0.1** | 0.8 |
| | **(11.4)** | (3.8) |

As gevolg van die onderprestasie van Oorkant Boerdery het die Groep die drawaarde van klandisiewaarde wat op hierdie boerdery-entiteit betrekking het, hersien en voorsiening is gemaak vir 'n waardedaling van R4.8 miljoen (2008: nul). Die aandeel van verwante maatskappye se waardedaling van klandisiewaarde het betrekking op Capespan International Plc se hersiening van sy klandisiewaarde wat voortgespruit het uit die verkrygings van Multifresh en FPS in vorige jare.

**Netto finansiële inkomste**
Die netto finansiële inkomste het met 16.5% van R36.3 miljoen tot R30.3 miljoen gedaal. Die verlaging is die gevolg van verlaagde netto kontantposisie tesame met die daling in Suid-Afrikaanse rentekoerse en voortgesette lae internasionale rentekoerse. Die netto kontant beskikbaar het afgeneem as gevolg van kontant aangewend in die terugkoop van 24.5% van die aandelekapitaal van Capespan Group Beperk. Die netto finansiële inkomste sluit dividende in wat ontvang is ten bedrae van R7.2 miljoen (2008: nul), waarvan R7.1 miljoen betrekking het op die dividende *in specie* wat van Outspan International Beperk en Unifruco Beperk ontvang is.

**Aangepaste wins voor belasting**
Aangepaste wins voor belasting het R113.3 miljoen beloop, 'n daling van 45.9% teenoor die vorige jaar se totaal van R209.3 miljoen. Soos in die samevatting van resultate op bladsy 1 uiteengesit, sluit die aangepaste wins voor belasting die waardedalingskoste, kapitaalwins op verkoop van beleggings en die Groep se aandeel van belasting van verwante maatskappye uit, wat aangedui word as deel van wins voor belasting onder IFRS-reëls. Wins voor belasting onder IFRS het R98.3 miljoen beloop, vergeleke met die vorige jaar se R200.8 miljoen.

**Belasting**
Die belastinguitgawe per die inkomstestaat het van R67.7 miljoen tot R44.4 miljoen afgeneem. Belasting op die onderliggende aktiwiteite het van R71.5 miljoen tot R36.9 miljoen gedaal, met 'n effektiewe belastingkoers van 32.6%, wat van 34.2% in die vorige jaar afgeneem het. Die effektiewe belastingkoers wat hoër as die Suid-Afrikaanse belastingkoers van 28% is, kan toegeskryf word daaraan dat 'n groter deel van die winste in regsgebiede met hoër belastingkoerse verdien word.

| | **2009 Rm** | 2008 Rm |
|---|---|---|
| Belasting per inkomstestaat | **44.4** | 67.7 |
| Belasting van verwante maatskappye | **3.7** | 4.7 |
| | **48.1** | 72.4 |
| Aanpassings | | |
| Belasting op items voorheen in ekwiteit erken | **1.1** | |
| SBM op kansellasie van aandele | **(9.5)** | – |
| SBM op dividend betaal | **(2.8)** | (0.9) |
| Belasting op onderliggende aktiwiteite | **36.9** | 71.5 |

**Minderheidsbelang**
Die minderheidsaandeel van die Groep se nabelaste wins het R1.7 miljoen beloop. Dit het toegeneem van die R0.1 miljoen in die vorige jaar. Die styging is die gevolg van die verbeterde winsgewendheid van Fisher Capespan en Matola Cargo Terminals.

**Wesensverdienste per aandeel**
Die berekening van die wesensverdienste per aandeel sluit die buitengewone items wat hierbo genoem is, uit en word hieronder uiteengesit. Wesensverdienste per aandeel het met 39.4% van 33.7 sent tot 20.4 sent afgeneem. Die daling in WVPA is laer as die totale daling in die wesensverdienste van 54.4% omdat die gemiddelde getal aandele, netto van tesourie-aandele, van 406.2 miljoen tot 305.5 miljoen afgeneem het as gevolg van die herstrukturering van aandeelhouding in Januarie 2009.

| | **2009 Rm** | 2008 Rm | % verandering |
|---|---|---|---|
| Aangepaste wins voor belasting | **113.3** | 209.3 | -45.9% |
| Belastingkoste – onderliggende aktiwiteite | **(36.9)** | (71.5) | -48.4% |
| Belastingkoste – SBM | **(12.3)** | (0.9) | |
| Minderheidsgedeelte | **(1.7)** | (0.1) | 1 600.0% |
| Wesensverdienste | **62.4** | 136.8 | -54.4% |
| Geweegde gemiddelde getal aandele | **305.5** | 406.2 | -24.8% |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | **20.4** | 33.7 | -39.4% |

**Aandeelhouersekwiteit**
Totale ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die houermaatskappy, soos hieronder aangetoon, het van R1.03 miljard op 31 Desember 2008 tot R839.1 miljoen afgeneem. Die hoofrede vir die daling was as gevolg van die terugkoop van aandele, met die daaropvolgende kapitaalverlaging en negatiewe uitwerking van die omskakelingsverliese.

Die omskakelingsverskil spruit voort uit die omskakeling van ons buitelandse beleggings teen wisselkoerse wat op jaareinde gegeld het. As gevolg van die versterking van die Rand teen die JPY (23.0%), USD (21.2%), MZM (21.2%) en GBP (12.5%), het 'n negatiewe omskakelingsverskil van R79.3 miljoen ontstaan.

**Beweging in aandeelhouersekwiteit**

| | **2009 Rm** |
|---|---|
| Openingsaldo voorheen gerapporteer | **1 025.0** |
| Wins vir die tydperk | **52.2** |
| Direk in ekwiteit erken | **0.8** |
| Omskakelingsverskil tot buitelandse eenhede, netto van belasting | **(79.3)** |
| Kapitaalverlaging terugkoop van aandele | **(134.2)** |
| Dividende betaal (netto van tesourie-aandele) | **(25.4)** |
| Saldo teen einde van tydperk | **839.1** |

Die netto batewaarde (NBW) per gewone aandeel het ietwat verlaag van 252.9 sent soos op 31 Desember 2008 tot 250.3 sent. Hierdie daling is laer as die daling in ekwiteit as gevolg van die terugkoop wat gedoen is teen 'n prys wat beduidend laer as die netto batewaarde was.

**Eiendom, aanleg en toerusting**
Die daling in eiendom, aanleg en toerusting van R4.4 miljoen is as gevolg van die uitwerking van die depresiasie in die wisselkoers op die Groep se buitelandse vaste bates omdat kapitaaluitgawes in lyn met depresiasie was.

**Biologiese bates**
Die Groep het gedurende die jaar in boerdery-ondernemings belê en as gevolg daarvan word die waardes van die biologiese bates wat op hierdie boerderybedrywighede betrekking het nou in ooreenstemming met die vereistes van IFRS geopenbaar.

**Kontantvloei**
Soos hieronder uiteengesit, het die Groep R95.2 miljoen positiewe kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite gegenereer, 'n toename van R81.1 miljoen. Kapitaaluitgawes het R30.6 miljoen beloop, wat in lyn met die lopende depresiasie is en R10.3 miljoen hoër as die 2008-uitgawe is. Vrye kontantvloei vir die jaar het met R73.3 miljoen tot R69.0 miljoen toegeneem. Die vrye kontantvloei word benut om die Groep se uitbreidings te befonds en vir die terugbetaling van sy langtermynbefondsing. R47.3 miljoen is gedurende die jaar aan verkrygings bestee, 'n toename van R27.3 miljoen vergeleke met 2008. Die terugkoop van aandele het tot 'n kontantuitvloei van R124.6 miljoen gedurende die jaar gelei. Die Groep het 'n positiewe kontantposisie aan die einde van die jaar van R49.1 miljoen gehandhaaf.

| | **2009 Rm** | 2008 Rm |
|---|---|---|
| Aangepaste VVRB | **83.0** | 173.0 |
| Min aangepaste VVRB van verwante maatskappye | **(8.1)** | (28.0) |
| Depresiasie | **29.9** | 30.4 |
| Netto rente en belasting betaal | **2.5** | (37.7) |
| Ander | **11.3** | 5.2 |
| Bedryfskapitaalbewegings | **3.0** | (100.4) |
| **Bedryfskontantvloeie** | **121.6** | 42.5 |
| Dividende betaal | **(26.4)** | (28.4) |
| **Kontantvloeie van bedryfsaktiwiteite** | **95.2** | 14.1 |
| Kapitaaluitgawe netto van opbrengste van verkope | **(30.6)** | (20.3) |
| Netto beweging in ander finansiële bates | **4.4** | 1.9 |
| **Vrye kontantvloei** | **69.0** | (4.3) |
| Verkryging in filiaalmaatskappye, verwante maatskappye en nuwe ondernemings | **(47.3)** | (20.0) |
| Terugkoop van aandele | **(124.6)** | – |
| Netto beweging in langtermynlenings | **(4.9)** | (124.5) |
| **Totale kontantvloei** | **(107.8)** | (148.8) |
| Netto kontant aan begin van jaar | **200.6** | 260.7 |
| Omskakeling van buitelandse valuta | **(43.7)** | 88.7 |
| **Netto kontant aan einde van jaar** | **49.1** | 200.6 |

## Dividend
Die direksie het 'n tussentydse dividend, na die herstrukturering van aandeelhouding, van 8.5 sent per aandeel goedgekeur, wat betrekking het op die 2008 finansiële jaar.

Die direksie is van voorneme om 'n finale dividend ten opsigte van die 2009 finansiële jaar van 8.5 sent per aandeel te betaal. Die dividend sal op 4 Junie 2010 betaal word aan aandeelhouers wat op 14 Mei 2010 geregistreer is. In ooreenstemming met IFRS is daar nie vir hierdie dividend in die balansstaat op 31 Desember 2009 voorsiening gemaak nie. Die totale dividend is 17.0 sent per aandeel, maar 8.5 sent het betrekking op die 2008-jaar. Die finale dividend verteenwoordig 'n uitbetaling van 41.6% van aangepaste verdienste per aandeel en 'n dividendopbrengs van 7.3% gebaseer op die aandeelprys van 116 sent per aandeel op jaareinde.

## Vooruitsigte
Die wêreldwye klimaatstoestande bly 'n bron van kommer en uiters koue weer het in die meeste van ons handelsmarkte in die noordelike halfrond voorgekom, wat 'n demper op die vraag na somervrugte in die vroeë seisoen geplaas het. Dit, tesame met swak klimaatstoestande in baie van ons voorsieningslande, het daartoe gelei dat die jaar op 'n moeilike noot begin het. Die algemene verwagting is dat die wêreldwye ekonomiese omgewing in 2010 sal voortgaan om te verbeter en die Groep is goed geposisioneer om voordeel hieruit te trek.

Die Groep is in 'n sterk finansiële posisie en bly op die uitkyk vir verkrygings wat die bemarkings- en logistieke voetspoor wêreldwyd sal vergroot.

**Neil Oosthuizen**
Besturende Direkteur

25 Maart 2010

# 6 GROEPSTAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | 31 Des 2009 R'000 | Heraangetoon 31 Des 2008 R'000 |
|---|---|---|
| **Inkomste** | **2 636 842** | 2 489 565 |
| Koste van verkope, verspreiding en administratiewe koste | **(2 566 318)** | (2 350 676) |
| Ander inkomste | **77** | 4 710 |
| Ander uitgawes | **(7 067)** | (2 494) |
| **Wins voor finansieringskoste en winste van verwante maatskappye** | **63 534** | 141 105 |
| Finansiële inkomste | **74 861** | 86 253 |
| Finansiële uitgawes | **(44 524)** | (49 869) |
| Aandeel in winste van verwante maatskappye | **4 386** | 23 334 |
| **Wins voor belasting** | **98 257** | 200 823 |
| Inkomstebelastinguitgawe | **(44 421)** | (67 688) |
| **Wins vir die jaar** | **53 836** | 133 135 |
| **Ander omvattende (verlies)/inkomste** | | |
| Wisselkoersomskakelingsverskille van buitelandse bedrywighede | **(80 713)** | 134 178 |
| Aandeel in ander omvattende inkomste van verwante maatskappye | **(672)** | 689 |
| Aktuariële winste/(verliese) van omskrewevoordeelplan | **1 427** | (4 881) |
| Inkomstebelasting op ander omvattende inkomste | **–** | (21 546) |
| **Ander omvattende (verlies)/inkomste vir die jaar** | **(79 958)** | 108 440 |
| **Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die jaar** | **(26 122)** | 241 575 |
| **Wins toeskryfbaar aan** | | |
| Eienaars van die maatskappy | **52 195** | 133 045 |
| Nie-beherende belang | **1 641** | 90 |
| **Wins vir die jaar** | **53 836** | 133 135 |
| **Totale omvattende (verlies)/inkomste toeskryfbaar aan:** | | |
| Eienaars van die maatskappy | **(26 321)** | 241 112 |
| Nie-beherende belang | **199** | 463 |
| **Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die jaar** | **(26 122)** | 241 575 |

## GROEPVERDIENSTE EN DIVIDEND PER AANDEEL

| | 31 Des 2009 | 31 Des 2008 |
|---|---|---|
| Geweegde gemiddelde getal gewone uitgereikte aandele ('000) | **305 494** | 406 193 |
| Basiese verdienste per aandeel (sent) | **17.1** | 32.8 |
| Basiese wesensverdienste per aandeel (sent) | **20.4** | 33.7 |
| Dividend per aandeel (sent) | **8.5** | 7.0 |

## GROEPSTAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | 31 Des 2009 R'000 | 31 Des 2008 R'000 |
|---|---|---|
| **Bates** | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **526 526** | 531 573 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **247 821** | 252 253 |
| Biologiese bates | **10 601** | – |
| Ontasbare bates | **19 610** | 2 811 |
| Klandisiewaarde | **42 134** | 36 056 |
| Beleggings in verwante maatskappye | **140 637** | 149 792 |
| Ander finansiële bates | **34 642** | 59 027 |
| Uitgestelde belastingbates | **31 081** | 31 634 |
| **Bedryfsbates** | **913 208** | 1 106 587 |
| Biologiese bates | **15 997** | – |
| Voorraad | **17 129** | 18 784 |
| Inkomstebelasting ontvangbaar | **2 927** | 11 466 |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae | **566 961** | 656 890 |
| Kontant en kontantekwivalente | **310 194** | 419 447 |
| **Totale bates** | **1 439 734** | 1 638 160 |
| **Ekwiteit en laste** | | |
| **Ekwiteit** | | |
| Uitgereikte kapitaal en premie | **414 024** | 461 784 |
| Tesourie-aandele | **(36 675)** | 168 |
| Ander reserwes | **21 253** | 94 373 |
| Behoue inkomste | **440 451** | 468 660 |
| **Totale ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die houermaatskappy** | **839 053** | 1 024 985 |
| Nie-beherende belang | **6 906** | 2 887 |
| **Totale ekwiteit** | **845 959** | 1 027 872 |
| **Nie-bedryfslaste** | **72 603** | 70 314 |
| Rentedraende lenings | **7 241** | 21 638 |
| Nie-rentedraende lenings | **24 758** | 25 370 |
| Werknemervoordele | **27 443** | 10 197 |
| Uitgestelde belastinglaste | **13 161** | 13 109 |
| **Bedryfslaste** | **521 172** | 539 974 |
| Oortrokke bank en korttermynlenings | **261 119** | 218 849 |
| Rentedraende lenings | **25 355** | 15 284 |
| Inkomstebelasting betaalbaar | **33 383** | 32 788 |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | **170 036** | 223 711 |
| Voorsienings | **31 279** | 49 342 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **1 439 734** | 1 638 160 |
| **Netto batewaarde per aandeel (sent)** | **250.3** | 252.9 |

## VERKORTE GROEPSTAAT VAN KONTANTVLOEI

| | 31 Des 2009 R'000 | 31 Des 2008 R'000 |
|---|---|---|
| Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite | **95 190** | 14 111 |
| Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(73 523)** | (38 439) |
| Netto kontantuitvloei uit finansieringsaktiwiteite | **(129 490)** | (124 498) |
| **Netto afname in kontant en kontantekwivalente** | **(107 823)** | (148 826) |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar | **200 598** | 260 750 |
| Uitwerking van wisselkoersfluktuasies op kontant en kontantekwivalente | **(43 700)** | 88 674 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar** | **49 075** | 200 598 |

# GROEPSTAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

| | Toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Groep – 2008** | Aandele-kapitaal R'000 | Aandele-premie R'000 | Omska-kelings-reserwes R'000 | Ander Reserwes R'000 | Behoue Ver-dienste R'000 | Tesourie-aandele R'000 | Totaal R'000 | Nie-be-herende belang R'000 | Totale Ekwiteit R'000 |
| **Saldo 1 Januarie 2008** | **4 072** | **457 712** | **–** | **3 126** | **347 256** | **99** | **812 265** | **3 008** | **815 273** |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | | | | | | | | | |
| Wins soos voorheen gerapporteer | – | – | – | – | 129 531 | – | 129 531 | 90 | 129 621 |
| Verandering in rekeningkundige beleid – aktuariële verliese erken in ander omvattende inkomste | – | – | – | – | 3 514 | – | 3 514 | – | 3 514 |
| Heraangetoonde wins vir die jaar | – | – | – | – | 133 045 | – | 133 045 | 90 | 133 135 |
| **Ander omvattende inkomste** | | | | | | | | | |
| Buitelandse omskakelingsreserwe – buitelandse bedrywighede, netto van belasting | – | – | 126 439 | – | – | – | 126 439 | 373 | 126 812 |
| Buitelandse omskakelingsreserwe – in ekwiteit erken, netto van belasting | – | – | 7 366 | – | – | – | 7 366 | – | 7 366 |
| Buitelandse omskakelingsreserwe – belastingoordrag na omskakelingsreserwe | – | – | (22 913) | – | – | – | (22 913) | – | (22 913) |
| Aandeel in omvattende inkomste van verwante maatskappye, netto van belasting | – | – | – | 689 | – | – | 689 | – | 689 |
| Aktuariële winste en verliese van omskrewevoordeelplan, netto van belasting | – | – | – | – | (3 514) | – | (3 514) | – | (3 514) |
| **Totale ander omvattende inkomste** | – | – | 110 892 | 689 | (3 514) | – | 108 067 | 373 | 108 440 |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | **–** | **–** | **110 892** | **689** | **129 531** | **–** | **241 112** | **463** | **241 575** |
| **Oordrag (van)/na reserwes** | **–** | **–** | **(20 334)** | **–** | **20 334** | **–** | **–** | **–** | **–** |
| **Transaksies met eienaars direk in ekwiteit opgeteken** | | | | | | | | | |
| Direk in ekwiteit erken | – | – | – | – | 42 | – | 42 | – | 42 |
| Filiaalmaatskappy verkoop | – | – | – | – | – | – | – | 84 | 84 |
| Dividend betaal | – | – | – | – | (28 503) | 69 | (28 434) | (668) | (29 102) |
| **Totale transaksies met eienaars direk in ekwiteit opgeteken** | **–** | **–** | **–** | **–** | **(28 461)** | **69** | **(28 392)** | **(584)** | **(28 976)** |
| **Saldo 31 Desember 2008** | **4 072** | **457 712** | **90 558** | **3 815** | **468 660** | **168** | **1 024 985** | **2 887** | **1 027 872** |

| | Toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Groep – 2009** | Aandele-kapitaal R'000 | Aandele-premie R'000 | Omska-kelings-reserwes R'000 | Ander Reserwes R'000 | Behoue Ver-dienste R'000 | Tesourie-aandele R'000 | Totaal R'000 | Nie-be-herende belang R'000 | Totale Ekwiteit R'000 |
| **Saldo 1 Januarie 2009** | **4 072** | **457 712** | **90 558** | **3 815** | **468 660** | **168** | **1 024 985** | **2 887** | **1 027 872** |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | | | | | | | | | |
| Wins vir die jaar | – | – | – | – | 52 195 | – | 52 195 | 1 641 | 53 836 |
| **Ander omvattende inkomste** | | | | | | | | | |
| Buitelandse omskakelingsreserwe – buitelandse bedrywighede, netto van belasting | – | – | (73 481) | – | – | – | (73 481) | (1 442) | (74 923) |
| Buitelandse omskakelingsreserwe – in ekwiteit erken | | | (5 790) | – | – | – | (5 790) | – | (5 790) |
| Aandeel in omvattende inkomste van verwante maatskappye, netto van belasting | – | – | – | 155 | (827) | – | (672) | | (672) |
| Aktuariële winste en verliese van omskrewevoordeelplan, netto van belasting | – | – | – | – | 1 427 | – | 1 427 | – | 1 427 |
| **Totale ander omvattende inkomste** | – | – | (79 271) | 155 | 600 | – | (78 516) | (1 442) | (79 958) |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | **–** | **–** | **(79 271)** | **155** | **52 795** | **–** | **(26 321)** | **199** | **(26 122)** |
| **Oordrag na/(van) reserwes** | **–** | **–** | **5 790** | **206** | **(5 996)** | **–** | **–** | **–** | **–** |
| **Transaksies met eienaars direk in ekwiteit opgeteken** | | | | | | | | | |
| Minderheidsbelang verkry | – | – | – | – | – | – | – | 4 795 | 4 795 |
| Aandele teruggekoop – en gekanselleer | (760) | (47 000) | – | – | (46 854) | – | (94 614) | – | (94 614) |
| – en gehou (tesourie-aandele) | – | – | – | – | – | (39 581) | (39 581) | – | (39 581) |
| Dividend betaal | – | – | – | – | (28 154) | 2 738 | (25 416) | (975) | (26 391) |
| **Totale transaksies met eienaars direk in ekwiteit opgeteken** | **(760)** | **(47 000)** | **–** | **–** | **(75 008)** | **(36 843)** | **(159 611)** | **3 820** | **(155 791)** |
| **Saldo 31 Desember 2009** | **3 312** | **410 712** | **17 077** | **4 176** | **440 451** | **(36 675)** | **839 053** | **6 906** | **845 959** |